HUIS ZENOBIA DU TOIT

Geregistreerde BADISA Diensorganisasie sonder winsoogmerk
Registrasienommer 011-891

Heidelberg

Tuiste vir ouer persone

Jaarverslag

April 2023 – Maart 2024

Huis Zenobia du Toit

Posbus 280
Fouriestraat 31
HEIDELBERG
6665

Kantoor

Tel : (028)722-1834

E-pos : zenobiadut@telkomsa.net

Bestuurder

(028)722-1440

hzdut@telkomsa.net

Visie

Gebed en vrywillige hande bring sonskyn vir ons bejaardes

Missie

Huis Zenobia du Toit, ‘n Christelik gebaseerde tuiste, lewer ‘n totale versorgingsprogram aan ouer persone en gestremdes.

Dit geskied deur 'n doelgerigte professionele en omvattende program om hul algehele welvaart te verseker.

Ons doen dit in vennootskap met die breë gemeenskap.

Waardes van BADISA op 4 waardes gebaseer

Diensbaarheid
Uitnemendheid
Geregtigheid
Rentmeesterskap

Voorwoord

Watter voorreg om vir die afgelope paar jaar by Huis Zenobia du Toit en sy mense betrokke te wees. Hier lag ons baie, ons huil saam en bedink baie nuwe planne. Soos in enige ander familie deel ons in mekaar se lief en leed.

Vanjaar was geen uitsondering op die reël nie. Ons het ons uitdagings gehad maar ook keer op keer gesien hoe die Here vir ons voorsien. Dit is en bly vir ons ‘n groot voorreg om vir ons ouer persone in hierdie seisoen van hulle lewe ‘n tuiste te bied. Dit is vir ons belangrik om hulle so goed as moontlik te versorg. Dit het natuurlik veral ook in die lig van die ekonomiese klimaat sy uitdagings. Ons wil egter getuig dat die Here elke keer rondom die tafel by die vergaderings ons verstom met hoe Hy sorg. In ons huis se geval al vir 63 jaar sorg.

Dit bly ‘n voorreg om nuwe inwoners te verwelkom veral as hulle met ‘n positiewe gesindheid deel word van ons inwoners en huis. Natuurlik bring die ouderdom ook sy eie uitdagings en beperkinge. Ons is bly as die inwoners wat nog sterk en gesond is ons ander inwoners se dag gaan inkleur met ‘n gereelde besoek.

Ons kan die Here nie genoeg dankie se vir ons personeelkorps nie. As ‘n mens gereeld in die gange tussen die inwoners beweeg kry jy ‘n beter prentjie van dít waarmee die personeel te doen kry. Ons het die grootste waardering vir hulle werk.

Ek wil graag langs hierdie weg my grootste waardering uitspreek teenoor ons bestuurder Me de Jager en die senior personeel vir hulle bereidheid om meer as ‘n ekstra myl te loop in belang van ons huis en inwoners. Baie dankie aan elke beheerraadslid vir die onbaatsugtige ure wat u in belang van inwoners en personeel en die welwese van Huis Zenobia du Toit afstaan. Mag ons altyd hierdie werk ook sien as ‘n liefdestaak wat die Here ons opgelê het.

Alle eer aan die Here wat ons nog ‘n jaar gedra het.

= Ds Heinie Vermeulen=

Voorsitter Beheerraad

BEHEERRAAD

Naam	Instansie Verteenwoordig
Ds. Heinie Vermeulen (Voorsitter)	NG Kerk
Mnr. Koos van Zyl (Onder-Voorsitter)	Gemeenskap Heidelberg
Mnr. Pieter Uys (Takkies)	Familie / Gemeenskap
Mev. Sonja le Roux	Hessequa Munisipaliteit
Mev. Katie Pieters	Gemeenskap Heidelberg
Mnr. Pieter de Jager	Gemeenskap Heidelberg
Mev. Ria Swart	Inwoner Verteenwoordiger
Mev. Heidi de Jager	Bestuurder

SUB-KOMITEES

Keurkomitee

Ds. H. Vermeulen
Mev. R. Swart
Mev. H. de Jager
Sr. D. van Rooyen

Personeel Komitee

Ds. H. Vermeulen
Mev. K Pieters
Mev. H. de Jager

Fondswerwing en bemarking

Alle lede
Mev. S. Le Roux (voorsitter)

Eiendoms Komitee

Mnr. P de Jager (voorsitter)
Ds. H Vermeulen
Mnr. K van Zyl
Mnr. P Uys
Mev. H de Jager

Finansiële Komitee

Mnr. K van Zyl (voorsitter)
Ds. H Vermeulen
Mnr. P de Jager
Mnr. P Uys
Mev. H. de Jager

Dagbestuur

Ds. H Vermeulen
Mnr. K van Zyl
Mev. H. de Jager

Ombudspersoon

Mev. A Swart

Huiskomitee

Mev. R. Swart (Voorsitter)
Mev. F. Lategan
Mev. V van Wyk
Mev. A Stander
Mev. J. de Beer

PERSONEEL

PERSONEELSAMESTELLING SOOS OP 31 MAART 2024

Bestuurder	Mev. H. de Jager
Administratiewe Beampte	Mej. V. Roodt
Hoof Verpleegdiens	Sr D van Rooyen
Geregistreerde Verpleegkundiges	Sr G Kroon
Ingeskrewe Verpleegkundiges	Staf F Sefoor, Staf L Joseph
Ingeskrewe Verpleeg assistente	Me. F. Tokani
Hoof Huishoudelike Dienste	Mev. A. Snyman
Faktotum	Mnr. G Pieterse

Algemene Assistente

Verpleegafdeling				**Huishoudelik**			
Saayman	M	Manho	Z	Situkutezi	E	Fani	P
September	M	Manual	S	Du Toit	J	Olckers	A
Carolus	A	Vakant (Aflos)		Du Toit	C	Johannes	C
Duminy	M	Villiers	E	Smith	P	Mahana	M
du Toit	D	Paige	B				
Lotz	E	Vakant (Aflos)					
Hendricks	CJ	Vaaltyn	M				
Fredericks	C	Prins	F				
Du Toit	M	Page	S				

Aflosse is gebruik in die twee vakante saalhulp poste tot aanstelling gedoen is

Kokke	D. Van Niekerk C. du Toit
Skoonmakers	K. Eksteen C. Lotz L. Anderson
Ontvangs-sekuriteitsbeamptes	D Robertson, D van den Heever
Totale Aantal Personeel	**42**

Personeel

Die bestuurspan sorg vir kwaliteit dienslewering. Personeel is passievol in hul taak en hanteer inwoners met respek en waardigheid.

Verpleegafdeling:

Ons is dankbaar vir die twee ekstra paar hande, Me. M. du Toit en Me. S. Page. Die Beheerraad het toestemming gegee dat daar 'n saalhulp op elke nagskof span aangestel word. Saalhulp C Hartnick het bedank en F Prins het einde MAART 2024 diens verlaat.

Ons is steeds bevoorreg om Sr Kroon deel van ons personeel te hê. Sy het 'n jaar termynkontrak geteken. AV H van Wyk en Staf Hartnick los van tyd tot tyd af en is van groot hulp as van die senior personeel in die verpleegafdeling met verlof gaan.

Huishoudelike afdeling:

Me. C. Lotz is as algemene assistent aangestel nadat Me. C. du Toit na die Kok posisie bevorder is in die plek van Me. E. Seekoei. Me. P. Fani is in die waskamer aangestel in die plek van Me. Davids wat diens verlaat het.

Personeel wat uit diens getree het, word opreg bedank vir die diens wat hulle in belang van die inwoners gelewer het. Nuut aangestelde personeel word as deel van die span verwelkom en oriënteer. Daar word vertrou dat dit 'n jare lange en gelukkige verbintenis sal wees.

Verpleegstersdag is op 12 Mei gevier en personeel het 'n bederfpakkie ontvang. Huishoudelike personeel word nie uitgesluit nie en word ook vir hul aandeel in die suksesvolle funksionering van die tehuis bedank.

Personeel het erkenning ontvang vir hul prestasie t.o.v. toetse wat geskryf is in die verpleegafdeling. Die deernis (compassion award) beker is aan Me. E. Lotz gegee in die verpleegafdeling en die prestasie (performance award) beker aan Me. D. van Niekerk in die huishoudelike afdeling. Die bekers is geskenk deur Mev. Sonja le Roux. Verskeie sertifikate is aan personeel uitgedeel.

Opleiding

Daar word groot waarde geheg aan die inligting en opleiding wat deur die Badisa Bestuursprogram deurgegee word. Zoom vergaderings en opleidingsessies word bygewoon om ingelig te bly oor die nuutste tendense. Inligting word deurgegee oor befondsing aansoeke by Departement van Maatskaplike ontwikkeling, verandering in wetgewing ens.

Daar word deurentyd indiensopleiding in albei afdelings gegee om personeel op hoogte te hou van die nuutste prosedure en protokol. Personeel vergaderings en/of afdelings vergaderings word as opleidings-geleenthede benut.
Personeel en ook Beheerraadslede woon Badisa Bestuursvergaderings in Hartenbos by. Tersake inligting word aan Beheerraadslede, personeel en inwoners deurgegee.

INWONERS

INWONERSPROFIEL

Die Tehuis is geregistreer vir 57 inwoners en 20 woonstel inwoners.

Statistieke soos op 31 Maart 2024

OUDERDOM VERSPREIDING

Ouderdom	Tehuis	Woonstelle
>60	1	0
60 – 69	5	1
70 – 79	13	1
80 – 89	26	9
90 - +	11	6
Totaal	**56**	**17**

KERKVERBAND

Kerke	Tehuis	Woonstelle
NG Kerk	38	16
VG Kerk	0	0
AGS	9	0
Anglikaanse	6	0
Ander kerke	3	1
Geen kerk	0	0

HUWELIKSTATUS

Huwelikstatus	Tehuis	Woonstelle
Enkellopende mans	10	1
Enkellopende dames	42	10
Egpare	2	3
Persone wat saamwoon	0	0

WAGLYS / BELANGSTELLING

Huwelikstatus	Tehuis	Woonstelle
Enkellopende mans	1	2
Enkellopende dames	1	26
Egpare	0	8
Persone wat saamwoon	0	0

INWONER GETALLE	Bruin	Indiër	Swart	Wit	Mans	Vroue
Tehuis	6	0	0	50	11	45
Woonstelle	0	0	0	17	4	13
Totaal tehuis	**6**	**0**	**0**	**67**	**15**	**58**

Totale aantal inwoners	**73**

INKOMSTEPROFIEL

Groep	Inkomste	Aantal inwoners per kategorie		
		Kategorie 1 Woonstel	Kategorie 2	Kategorie 3
A	0 - R2399.00	0	0	31
C	R2399 en meer	17	0	25
Totale inwoners		17	0	56

OMSET

Opnames en sterftes/verhuis	Dames	Mans
Opnames vir boekjaar	**10**	**12**
Sterftes vir boekjaar	**8**	**11**

67 913

Aantal etes

Gemeenskapsbetrokkenheid

Die inwoners van Huis Zenobia du Toit lê na aan die gemeenskap se hart. Die volhoubaarheid van die tehuis is slegs moontlik met die ondersteuning van die gemeenskap en donateurs. Gereelde skenkings soos groente/vrugte, eiers, vleis en kontant donasies maak dit moontlik om volgehoue kwaliteit etes en dienste aan inwoners te verskaf.

Ons is dankbaar teenoor elke besigheid, kerk en individu wat op 'n gereelde basis 'n inbetaling in die tehuis se bank-rekening maak.

Die tehuis ontvang van tyd tot tyd skenkings en donasies van persone wat anoniem wil bly. 'n Anonieme skenker het dit moontlik gemaak om 4 broodnodige hospitaalbeddens aan te koop.

Die Pampoen-fees komitee maak jaarliks 'n groot skenking aan die tehuis. Ons is ongelooflik dankbaar vir die opgradering van die Inverter en die installasies in die kamers sodat inwoners ook wanneer Eskom beurtkrag toepas ligte kan aanskakel. Dit maak ook die werk van ons versorgers makliker sodat hulle kan voortgaan met dienslewering in 'n veilige omgewing.

Ons kon finansiering bekom om die hitte-pompe te laat installeer. Mnr. le Roux van der Merwe het 'n helpende hand uitgereik en dit word hoog op prys gestel.

Ons is ook geseënd met 'n kundige wat die tehuis se koel- en vrieskamer gereeld in stand hou .

Bederf en Ontspanning

Heidelberg Spar gee aan inwoners met hul verjaarsdag 'n bederf pakkie en die kombuis bederf hul weer met 'n behoorlike ‘plaas ontbyt’.
Die huishoudelike afdeling staan altyd reg om iets spesiaal voor te berei op 'n spesiale dag soos Moedersdag, Vadersdag of selfs Valentynsdag.

Helpende Hand het ook vir die inwoners 'n pakkie gegee met hul verjaarsdag. SWD Motorfiets klub het blikkieskos ingesamel vir Huis Zenobia du Toit.

Die kategete van die NG Kerk het toiletware ingesamel wat hulle aan die inwoners oorhandig het.

Die Biblioteek besoek die tehuis gereeld, nie net om in die gerief van die tehuis hul boeke om te ruil nie maar ook om gedigte voor te lees en inwoners met musiek te vermaak.

Inwoners sien jaarliks met groot opgewondenheid uit na die Witsand dames se besoek en bederf net voor Kersfees.

Dis 'n gesellige groep dames wat soggens in die sonkamer vergader. Hulle brei en gesels die oggend om. Heidelberg breiklub sluit een keer 'n maand aan by die groep vir 'n lekker kuier sessie in die eetkamer.

Woensdae is fliekdag in die eetsaal vir die wat die koue wil trotseer.

Inwoners speel ook bordspeletjies in die sonkamer op die eerste vloer. Bingo bly 'n groot gunsteling en word weekliks in die eetsaal gespeel.

Oppi Noot orkes speel en sing in die eetsaal op 'n Vrydagmiddag. Boetie en Raymond, 'n gedugte sangpaar, sorg vir Saterdagoggende se vermaak in die eetsaal.

Die NG Kerk saai Sondae en met spesiale geleenthede dienste uit na die tehuis. Die geestelike ondersteuning word baie waardeer.

Daar is verskeie Bybelstudie groepe wat op 'n daaglikse en ander op 'n weeklikse basis vergader.

Inkomstebronne / Fondsinsameling

Losiesgelde is die grootste bron van inkomste. Ongelukkig is 'n leë kamer van tyd tot tyd buite ons beheer. Persone op die belangstellings-/waglys word gekontak om so gou moontlik die kamer/woonstel te vul. Daar is 'n opname proses in plek wat gevolg word.

Huis Zenobia du Toit is 'n geregistreerde tehuis en ontvang jaarliks subsidie van Departement Maatskaplike Ontwikkeling. Dankbaar vir die groter subsidie wat ontvang is vir die 2024 boekjaar. Daar word elke 3 jaar besigheidsplanne ingedien om aansoek te doen vir befondsing.

Geen toekenning is hierdie jaar van Gemeenskapskas ontvang nie. Daar word elke jaar aansoek gedoen om in aanmerking te kom vir 'n toekenning.

Die basaar is ons grootste fondsinsamelingsprojek. Mev. Snyman was aan die stuur van die 2023 basaar en 'n totaal van R135 000.00 is ingesamel.

Die huishoudelike span spits hul toe om fondse in te samel. Daar word gereeld gebak soos scones, muffins, appeltert en koek by die voorportaal te koop aangebied. Inwoners se handwerk word uitgestal in die toonkas en help om die fondse aan te vul.

Gebou / Ameublement en toerusting

Toerusting word jaarliks gediens om die tehuis veilig te hou vir inwoners en personeel. Sertifikate word uitgereik wat getoon moet word as die verskillende Departemente inspeksie kom doen.

Ventcare sorg vir die skoonmaak van die uitlaat kappies (‘extractor canopies’) in die kombuis om brand risiko te verminder.

Die gasinstallasie word jaarliks nagegaan en gasstoof gediens. Die stoof is al baie oud en sal in die nabye toekoms vervang moet word.

Mediese toerusting word op 'n jaarlikse basis deur Surgifix gekalibreer om doeltreffendheid te verseker. Baie van die hospitaalbeddens is oud en kan nie meer herstel word nie. Ons sal graag nog beddens wil aankoop sodra fondse beskikbaar is.

Die gesondheidsinspekteur van Eden Distriksmunisipaliteit besoek die huis gereeld om seker te maak daar word aan gesondheidswetgewing en –regulasies voldoen.

Die groot masjiene in die waskamer het diensplanne in plek.

Rentokil verseker dat die tehuis plaagvry bly.

Die rookalarm word gediens en word deur Suidpunt Sekuriteit gemonitor.

Algemene instandhoudingswerk word deur die faktotum gedoen. Die spoelkamer (‘sluice’) is netjies geteel, wasbak ingesit en geverf om aan standaard te voldoen.

Daar was baie probleme met die vorige warmwatersisteem. Lekkende koperpype en elemente wat gedurig vervang moes word was aan die orde van die dag. Die 16 geysers is met 2 hittepompe vervang en werk baie goed. Daar is alreeds 'n besparing in elektrisiteit. Inwoners is ook baie tevrede dat daar weer genoeg warm water is.

Infeksiebeheer en dienslewering

Kwaliteit dienslewering verseker dat inwoners versorg, gelukkig en tevrede is. Die mobiliteit en versorgingsbehoeftes van inwoners word gereeld evalueer. Interne verskuiwings geniet voorkeur om beter versorging aan inwoners te gee en ook om die druk op personeel te verlig. Daar vind gereelde gesprekvoering plaas om te verseker dat daar aan die inwoner se behoeftes voldoen word. Infeksiebeheer word streng toegepas.

Mediese dienste word binne wetlike vereistes verrig en hoë standaarde word gehandhaaf.

Die spyskaart word deur 'n kwalifiseerde dieetkundige goedgekeur. Inwoners geniet hoe kwaliteit maaltye.

Inwoners wat kliniek pasiënte is, word Dinsdae en Donderdae deur die geneesheer besoek. Fisioterapeute besoek inwoners wat hulp nodig het.
Inwoners wat nie 'n haarsalon kan besoek nie se hare word deur hul haarkapsters in die gemak van die tehuis gedoen. Die skoonheidsterapeut besoek ook haar kliente gereeld.

Die tehuis is dankbaar vir die goeie gesindheid waarmee die dienste aan die huis gelewer word.

Kwaliteitbestuur word deur die bestuurder toegepas.

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 2024	**2024**	**2023**
	R	**R**
INKOMSTE		
LOSIESGELDE	**5 723 118**	**4 896 729**
Tehuis	4 376 184	3 675 313
Woonstelle	1 328 569	1 205 112
Motorhuise	18 365	16 304
DONASIES EN BEMAKINGS	**351 335**	**231 743**
Individue	254 338	145 796
Gemeentes	42912	42 672
Gemeenskapskas	0	0
Goedere in natura	54 085	43 275
ADMIN. FOOIE ONTVANG	84	555
VERSEKERINGSEISE ONTVANG	11 555	7 105
GEMEENSKAPSDIENS	75 401	55 396
ETI	16 972	26 780
FONDSINSAMELING	172 298	113 900
TOENAME/(AFNAME) IN MARKWAARDE AANDELE	20 388	10 759
RENTE ONTVANG	70 000	40 770
TOEKENNING ONTVANG	40 239	52 800
SUBTOTAAL	**6 495 281**	**5 436 537**
SUBSIDIES	**1 261 928**	**909 707**
BEDRYFSINKOMSTE TOTAAL	**7 757 209**	**6 346 407**
UITGAWES		
SALARISSE	**4 745 567**	**4 196 043**
Administratief	164 970	177 240
Huishoudelik	1 400 138	1 334 031
Professioneel	2 259 051	1 998 340
Bonusse	297 461	132 388
Mediesefondsbydraes	136 310	125 507
Pensioenfondsbydraes	390 416	361 025
Werkloosheidsversekeringsfonds	37 634	37 120
Vergoedingskommissaris	10 081	9 486
Verlofgelde	33 351	4 730
Personeelontwikkeling	13 614	13 921
Personeelwerwing	2 541	2 255

VERVOERUITGAWES	**32 052**	**42 140**
Brandstof	16 247	22 652
Onderhoud voertuie	2 272	2 092
Reis en verblyfkoste	1 492	0
Versekering en lisensies	12 041	17 396
KANTOORUITGAWES	**132 476**	**102 880**
Advertensies	150	150
Drukwerk en skryfbehoeftes	19 696	14 532
Heffings, registrasie en affiliasie	48 856	38 895
Huur van toerusting	11 604	10 284
Onderhoud kantoortoerusting	28 269	15 486
Telefoon en posgeld	23 901	23 523
Verbruikbare toerusting	0	10
GROND EN GEBOUE	**838 339**	**795 213**
Instandhouding	127 669	96 145
Munisipale dienste		
- Lig en Krag	540 669	568 752
- Water en Sanitasie	97 406	75 101
- Vullisverwydering	6 152	5 571
Versekering	66 443	49 644
HUISHOUDELIKE UITGAWES	1 591 539	1 359 864
Was en Skoonmaak	196 259	172 030
Kruideniersware	1 288 635	1 105 878
Linne	600	1 410
Klerasie	12 452	10 929
Medies	72 815	58 614
Onthaal	5 800	479
Vervangings	8 688	8 774
Toiletware	6 290	1 750
PROGRAM UITGAWES	**0**	**160**
SPESIALE DIENSTE	**105 988**	**69 727**
Bankkoste	25 205	28 547
Konsultasie en professionele fooie	2 000	5 946
Oninbare skulde	50 669	20 840
Oudit fooi	15 060	13 790
Diverse	0	604
Rente uitgawe	13 054	0
UITGAWES VOOR WAARDEVERMINDERINGS	**7 445 961**	**6 566 027**

WAARDEVERMINDERING	**36 381**	**25 325**
Meublement en toerusting	27 557	16 649
Motorvoertuie	6 940	8 676
Energieverwante toerusting	1 884	0
BEDRYFSUITGAWES TOTAAL	**7 482 342**	**6 591 352**
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		
BEDRYFS SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR	**274 867**	**(244 945)**

Finansiële state saamgestel deur
Onafhanklike ouditeure :
Theron du Plessis Durbanville ing.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

"Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word." Mattheus 5:7

April 2023 – Maart 2024





BEDANKINGS

Ons moet begin deur ons Hemelse Vader te bedank vir leiding, wysheid, guns en genade. Hy bly in beheer!

Die volgende instansies/persone word bedank vir hulp en bystand gedurende die jaar.

- ✞ Die BADISA Bestuurspan vir ondersteuningsdienste.
- ✞ Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling vir subsidies wat ontvang word.
- ✞ Besighede wat gereelde inbetalings maak.
- ✞ Elkeen wat skenkings en donasies aan die tehuis maak.
- ✞ Verskillende kerkgenootskappe, NG Kerk, VGK, AGS, St Barnabas, en Congregational Kerk vir ondersteuning.
- ✞ Die leraars van die kerke vir besoeke en geestelike bystand.
- ✞ NG Kerk vir hul maandelikse finansiële bydrae.
- ✞ Personeel van die NG Kerk kantoor wie met entoesiasme behulpsaam is met projekte van die tehuis.
- ✞ Hessequa Munisipaliteit vir die maandelikse deernishulp.
- ✞ Die Witsand Vrouediens vir die bederf en geskenkies aan inwoners.
- ✞ SPAR Heidelberg vir hul geskenkpakkies aan inwoners met hul verjaarsdag.
- ✞ Heidelberg Biblioteek vir twee weeklikse besoeke aan die Tehuis.
- ✞ Dr. Scholtz asook die kliniek Dokters vir besoeke aan ons inwoners.
- ✞ Pampoenfees komitee vir hul ondersteuning en skenkings.
- ✞ Die Beheerraadslede vir hul kundigheid en vrywillige werk wat hulle in belang van die inwoners vir die Tehuis doen.
- ✞ Die Huiskomitee vir die hulp en bystand in die Tehuis.
- ✞ Die inwoners wie met take in die Tehuis help, soos byvoorbeeld Bybel lees en bid, brei aktiwiteite met inwoners, tuinwerk en binne huise versiering.
- ✞ Familie van inwoners in die tehuis - vir u betrokkenheid by u familielid en die huis in die algemeen.
- ✞ Die personeel wat bereid is om die ekstra myl te loop.
- ✞ Vrywilligers wie behulpsaam is met verskillende projekte, hulp en gebede.
- ✞ Breë gemeenskap wat Huis Zenobia du Toit ondersteun.
- ✞ Oppi Noot orkes, Boetie Willemse en Raymond Goddard wat sorg vir vermaak Vrydae/Saterdae

Elke bydra, hoe gering dit ook al klink of lyk, word uit die diepte van ons hart waardeer.

Bank besonderhede:

ABSA Tjekrekening Rek no: 405 207 0267 Tak: 632 005